

Donderdag 6 April

Skrifgedeelte: 1 Konings 6:1-38 (AFR83/AFR2020)

Fokusgedeelte: 1 Konings 6:11-13

God se teenwoordigheid vra gehoorsaamheid

1 Konings 6 bied 'n breedvoerige beskrywing van die bou van die tempel. Vers 2-10 beskryf die oprigting van die groot struktuur. Vers 14-36 beskryf die versiering van die binnekant, asook die maak van die twee gerubs wat in die Allerheiligste geplaas is. Vers 1 en 37-38 dateer die bouwerk, wat sewe jaar lank geduur het. Ons fokusgedeelte onderbreek die beskrywing om te beklemtoon dat God se teenwoordigheid by sy volk nie maar onvoorwaardelik is nie.

Die tempel is belangrik. Die Here het Self vir Dawid beloof dat sy seun 'n tempel vir die Here sal bou. Die tempel sou steeds die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk wees. Terwyl Salomo met die bouwerk besig was, spreek die Here 'n baie ernstige vermaning uit. Die Here het reeds deur Moses voorskrifte aan sy volk gegee wat hulle moet onderhou. God het vir Dawid beloof dat Hy met sy nageslag sal wees en dat iemand uit Dawid se nageslag op die troon sal bly sit. As Dawid se nageslag en die volk egter nie aan die Here gehoorsaam bly nie, kan dit gebeur dat die belofte nie sal bly staan nie. Al is God by die volk teenwoordig, kan hulle nie daarop reken dat Hy steeds met hulle sal wees as hulle Hom nie gehoorsaam nie.

Omdat die volk deur die geskiedenis heen nie aan God gehoorsaam was nie, het sy oordeel hulle getref. Die tempel waarop hulle vertrou het (lees maar Jeremia 7), is verwoes omdat dit sy betekenis verloor het deur die volk se ongehoorsaamheid. Jesus Christus het gekom om God se oordeel vir ons te dra – maar juis daarom moet ons steeds as gehoorsame kinders van God bly leef.

Sing: Psalm 98-1:2, 3

Prof. HF van Rooy (Herrie) (emeritus)